Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

EXAMINATIONS AND ASSESSMENT CHIEF DIRECTORATE
Home of Examinations and Assessment, Zone 6, Zwelitsha, 5600
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA, Website: www.ecdoe.gov.za

# 2023 NSC CHIEF MARKER'S REPORT

| | | | |
|---|---|---|---|
| **SUBJECT** | **AFRIKAANS FAL** | | |
| **QUESTION PAPER** | **1** | **2** | **3 X** |
| **DURATION OF QUESTION PAPER** | | **2½ Hrs** | |
| **PROVINCE** | **EASTERN CAPE** | | |
| **DATES OF MARKING** | **4 -12 December 2023** | | |

**SECTION 1: (General overview of Learner Performance in the question paper as a whole)**

Hierdie was 'n gebalanseerde vraestel wat uiteenlopende onderwerpe en transaksionele tekste gehad het, wat elke leerder 'n geleentheid sou gee om te slaag. Dit het ten volle voldoen aan die vereiste wat in die KABV dokument gestipuleer is. Alle kognitiewe vlakke is gedek en dit is volgens die riglyne in die eksamenriglyne dokument uiteengesit. Daar was nie enige onderwerp wat kandidate sou benadeel nie. Kandidate het oor die algemeen die vraestel verstaan en redelik beantwoord. Die meeste kandidate het vlak 4 (30.6%) behaal, maar enkele kandidate (3.9) het met 'n baie suksesvolle vlak 7 geëindig. Daar is ook heelwat kandidate wat onsuksesvol (3.9%) in hierdie vraestel was. Hierdie jaar was al die onderwerpe meer toeganklik vir die kandidate, tog het die oorgrote meerderheid slegs gemiddeld gevaar. Die gevoel is dat die vraestel op die swakker kandidaat gerig/geskoei was, aangesien die vlak 7 – kandidate baie hard moes werk om die skryfstukke op 'n uitsonderlike/ kreatiewe wyse aan te bied.

Vraag 1.1 **(Dit was 'n lekker vakansie)** 1.3 **As my skoolskoene kon praat**) en 1.4 **(Vriende sal jou altyd help**) was van die gewildste onderwerpe. Minimale kandidate het hulle hand gewaag aan vraag **1.6 -1.8 Prentjies: Mense wat saam lag**. / **EMOJI-DOBBELSTEENTJIES/STOP**. Hierdie jaar was die visuele tekste eintlik ongewild en baie min kandidate het hierdie vrae aangepak.
Vraag 1.1 – 1.4 is meesal deur die vlak 2-3 kandidate beantwoord en die vlak 6-7 kandidate het vraag 1.5: Tyd aangepak. Vrae 1.2 -1.5 is ewe veel deur die kandidate gekies.

| |
|---|
| Die allergewildste onderwerp in **AFDELING B** was vraag 2.1 (**INFORMELE BRIEF**), was deur omtrent 90% van die kandidate gekies is. Hierdie brief is redelik tot goed deur kandidate beantwoord omdat dit in hulle verwysingsraamwerk pas. Daar was baie min mistastings van hierdie onderwerp en kandidate het vryelik raad aan hulle maats uitgedeel wat blapse op sosiale media gemaak het. Die kandidate het die brief geniet en het hierdie teks baie realisties en op 'n baie ernstige noot beantwoord. Nog 'n onderwerp wat sommige brawe kandidate aangepak het, was 2.4 die (**INFORMELE TOESPRAAK: EK WIL 'N VERSKIL MAAK … MY PAD NA TIK TOK SUKSES)**, maar hier het kandidate verward geraak en nie op alle aspekte van die onderwerp gefokus nie. Die kandidate het dus punte verloor.<br>Die ongewildste onderwerp in hierdie afdeling was Vraag 2.3 (**NOTULE VAN VERGADERING**) en dit word toegeskryf aan die feit dat kandidate glad nie vertroud met die formaat en register van hierdie teks was nie. Baie kandidate doen die notule in graad 9 en vergeet daarna eenvoudig daarvan. By die **E-POS**, vraag 2.2 het kandidate ook kleigetrap omdat hulle die teks gemisinterpreteer het. Kandidate het eerder aansoek gedoen as om navrae te doen. Hulle het dus hier ook punte verloor.<br><br>In **AFDELING C** was die al die onderwerpe ewe gewild, maar dit blyk tog dat vraag 3.2 (**KORT TEKSBOODSKAP**) 'n bietjie meer gewild as die ander kan wees. Kandidate het egter die pot gedurig misgesit by die kort teksboodskap en gefokus op die storie wat gelees is i.p.v.die leerders wat gewen het. By vraag 3.1 (**ADVERTENSIE**) het vele kandidate die fokuspunt verloor en eerder gekonsentreer op die rede vir die advertensie as die advertensie self. Dit het hulle ook punte laat verloor. Daar was ook heelwat kleigetrap omdat dit blyk dat kandidate nie vertroud was met die basiese beginsels (ABBA) van 'n advertensie nie. Kandidate wat 3.3 rigtingaanwysings gekies het, het basiese woorde soos regs/links nie korrek gespel nie. |

**SECTION 2: Comment on candidates' performance in individual questions**

| **QUESTION 1** |
|---|
| (a) General comment on the performance of learners in the specific question. Was the question well answered or poorly answered? |
| **AFDELING A – OPSTEL** |
| **1.1 Dit was 'n lekker vakansie-** Baie kandidate kon gemiddeld tot goed in hierdie vraag vaar. Hulle het die vraag redelik beantwoord, maar dit is meesal deur die swakker kandidate gekies. Die opstelle was meesal beskrywend en samehangend. Oor die algemeen is hierdie vraag gemiddeld beantwoord omdat die leerders se skryfstukke oppervlakkig was. Sinskonstruksie, woordeskat en woordordefoute bly 'n probleem. |
| **1.2 My gunsteling televisieprogram(me)** – Hierdie was nie een van die gewilde onderwerpe nie, maar die enkeles wat dit aangepak het, het ook maar redelik oppervlakkig oor hulle gunsteling |

| |
|---|
| program geskryf. Daar is gemiddeld tot goed in hierdie vraag gevaar. Die onderwerp is deur gemiddelde kandidate aangepak, maar redelike goeie opstelle was aangebied. Oppervlakkige opstelle is deur die kandidate geskryf waar daar steeds 'n uitdaging is om die taal te besig. Uiteenlopende response is deur die kandidate in hulle skryfstukke weergee. |
| 1.3 **As my skoolskoene kon praat …** Baie kandidate het hierdie onderwerp gekies. Kandidate het meesal beskrywende en verhalende opstelle hier geskryf. Kandidate kon met hierdie onderwerp die nasieners 'n blik op die twaalf jaar van 'n skoolleerder gee. Redelike interessante response is hier ontvang en sommige kandidate het hulself op 'n uitsonderlike wyse van hulle taak gekwyt. Enkele leerders wat die taal goed kon besig kon uitmuntende skryfstukke lewer. Die punte het gewissel van swak tot uitmuntend deur die leerders wat die taal kon manipuleer en retoriese middele suksesvol kon aanwend. Nasieners kon agterkom dat hierdie onderwerp die meeste deur die kandidate geniet is. |
| 1.4 **Vriende sal jou altyd help** – Die onderwerp kan as een van die populêrste tekste beskou word en is deur baie kandidate gekies. Gemiddelde tot knap punte is hier behaal. Kandidate het volwasse, uiteenlopende response aangebied. Daar was beskrywings oor hoe 'n goeie vriend moet optree/ watter kwaliteite het 'n goeie vriend/ hoe om goeie vriende te behou, ens. Daar is selfs beskryf watter vriende om van weg te bly. Baie verfrissende, interessante response is aangebied. Sommige kandidate het selfs uitsonderlike punte behaal. |
| 1.5 **Tyd** – Die onderwerp is met 'n baie volwasse aanslag aangepak. Kandidate het gemiddeld tot uitsonderlik hierin gevaar, aangesien dit meer op die skrander kandidaat gerig is. Waar kandidate wel uitsonderlik geskryf het, is baie goeie beskrywings/scenario's van wat tyd is en hoe om dit te waardeer, gegee. |
| **1.6 Mense wat saam lag** Bitter min kandidate het oor hierdie prikkel geskryf – die wat dit wel gekies het, het hoofsaaklik oor partytjies en die belangrikheid van lag geskryf. Ek glo die kandidate was nie seker hoe om die prentjie te interpreteer nie, daarom is dit nie juis gekies nie. Die punte wissel van elementer na gemiddeld tot knap. |
| **1.7** Prentjie: **Emoji dobbelsteentjies** – niemand het hierdie prentjie gekies nie. |
| **1.8 Prentjie: Stop –** niemand het hierdie prentjie gekies nie. |
| **AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS** |
| 2.1 **INFORMELE BRIEF**: In Afdeling B het leerders grootliks vraag 2.1, die informele brief aan 'n maat, beantwoord. 'n Groot aantal leerders het goeie skryfstukke oor die slaggate van sosiale media geskryf. Dit was ook insiggewend hoe baie kandidate aan depressie, selfmoord en kuberboelies blootgestel word. Hierdie vraag het redelike tot goeie kwaliteit skryfstukke, afhangend van die kandidate se beheer oor die taal, aangebied. Ongelukkig het die grootste aantal leerders slegs gemiddelde tot knap punte vir hierdie stuk behaal. Die verwagting was |

| |
|---|
| dat daar meer uitsonderlike stukke sou wees omdat hulle baie bekend met ‘n informele brief is, maar ongelukkig maak leerders nog formaatfoute/woordordefoute/woordkeusefoute ens. |
| 2.2 **E-pos**: Die kandidate wat hierdie vraag beantwoord het, se formaat was meestal nie korrek nie. In baie van die response het die kandidate ook nie die korrekte register gebruik nie. Die kandidate het hierdie vraag baie swak beantwoord. Hulle weet nie hoe om ‘n e-posadres te skryf nie, hulle doen aansoek in plaas van navraag. Sekere woorde is ook verwar, bv *registreer* en *registrateur*, hulle verstaan ook nie woorde soos ‘*navraag’* en ‘*kursus’* nie. Oor die algemeen het leerders ‘n gemiddeld tot elementêre punt vir hierdie vraag gekry. |
| 2.3 **NOTULE VAN VERGADERING**: Min kandidate het hierdie vraag aangepak. Die enkeles wat dit wel gewaag het, het bitter min hieroor geskryf! Oor die algemeen het kandidate ‘n gemiddelde tot elementere punt vir hierdie vraag gekry. |
| **2.4: INFORMELE TOESPRAAK:** Oor die algemeen kon kandidate met hierdie vraag vereenselwig omdat dit binne hul ervaringswêreld val. Dit was die tweede populêrste vraag en hier kon kandidate hulself gemaklik uitdruk. Heelwat kandidate het egter op die een óf ander gedeelte van die toespraak gefokus en NIE op albei gedeeltes nie. Ek glo dat die kandidate wat hierdie skryfstuk gekies het, dit geniet het om oor TikTok se manewales te skryf. Kandidate het oor die algemeen gemiddeld tot goed in hierdie vraag gevaar. |
| **AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS** |
| 3.1 **ADVERTENSIE** - Baie min kandidate het hierdie vraag goed beantwoord. Baie kandidate het op die *KERSETE* in plaas van die advertensie gefokus. Kandidate het nagelaat om kontakbesonderhede en ander basiese inligting te verskaf. Heelwat kandidate het lang paragrawe geskryf. Slegs ‘n handjievol kon die regte informasie of ABBA beginsel toepas. Die kandidate het elementer tot knap in hierdie vraag gevaar. |
| 3.2 **KORT TEKSBOODSKAP-** Sommige kandidate het die vraag beantwoord en kon hierdie opdrag suksesvol uitvoer. Hier was die vraag effens dubbelsinnig gestel en dit het sommige kandidate verwar. Kandidate het egter kritiese inligting misverstaan en ‘n resensie van die wenstorie gegee. Enkele kandidate het weereens, soos in 2022, verward geraak en sommer ‘n hele gesprek/dialoog gevoer en meer as een inskrywing gemaak, maar die vraag is deur meeste kandidate gemiddeld tot knap beantwoord. |
| 3.3 **RIGTINGAANWYSINGS** |
| Daar het heelwat kandidate hierdie vraag beantwoord, veral die swakker kandidate. Hulle het veronderstel dat dit maklik is om die opdrag uit te voer. Uit die 3 vrae in Afdeling C, is hierdie vraag die beste beantwoord, alhoewel daar heelwat algemene foute in die response voorkom. Die vraag was gemiddelkd tot knap beantwoord. |

**(a) Why the question was poorly answered? Also provide specific examples, indicate common errors committed by learners in this question, and any misconceptions.**

**Vraag 1**

In Afdeling A weet kandidate steeds nie dat 'n paragraaf 'n kerngedagte het met ondersteunende gedagtes nie. Die basiese struktuur van 'n opstel is nog steeds belangrik wat insluit: 'n kort inleiding, liggaam en slot. Inleidingsparagrawe bestaan nie of is te lank en lomp en ontsluit nie die titel nie. Dit moet by kandidate ingedril word om elke nuwe paragraaf met 'n vars nuwe, gedagte te begin en om daarop uit te brei.

Paragraaf lengtes is ook 'n kopseer. Dit moet afgewissel word en die samevattende slot moet deeglik uitgedink word.

Die lengte van opstelle is ook problematies. Sommige skryf ellelange opstelle wat nie by die voorgeskrewe lengte hou nie en andere skryf weer te kort. Kandidate penaliseer hulself met te lank of te kort opstelle.

Die algemene foute wat by Afdeling A gemaak is, bevat die volgende:

- Voorbereide opstelle word ingedruk onder enige vraag, bv 1.5 Tyd – kandidate skryf hul eie voorbereide onderwerp, dit is dan misgetas.
- Kandidate verander die titels van die opstelle – jy mag slegs jou eie titel gebruik as jy 'n prentjie kies.
- Opstelle is te lank.
- Hoofletters – dit word óf deurgaans óf glad nie gebruik nie óf dit word in die middel van sinne gebruik (dis dalk 'n handskrifprobleem).
- Lettergrepe word verkeerd toegepas.
- Die gebruik van het, hê, gehad.
- Tydsvorme (kandidate vertel in die teenwoordige en verlede Tyd) en woordorde
- Kleure en klere word verwar
- Voornaamwoorde word verkeerd gebruik, daar is verwarring tussen: hy/sy/hom/haar
- Swak gebruik van retoriese middels.
- Julle in plaas van hele
- Die gebruik van -'n- met meervoude (veral vriende)
- Die lidwoord se spelling moet reg aangewend word.
- Krutaal kom deurgaans voor.
- Sinne begin met –en.
- Min/geen leestekens nie.

- Baie Engelse woorde word in opstelle gebruik.
- Baie direkte rede kom voor.

**Vraag 2**

Baie kandidate sukkel met die formaat van die adres. Heelwat kandidate plaas steeds die straatnommer voor die straatnaam, dan word daar ook 'n komma na die straatnaam geplaas. Dikwels word die woonbuurt ook uitgelaat by die adres. Die poskode en stad word ook deur sommige kandidate omgeruil of uitgelaat. Die woorde ***aan*** en ***van*** word verkeerdelik in die aanhef en slot gebruik. 'n Nuwe tendens wat deesdae sy kop uitsteek, is kandidate wat by die vriendskaplike brief die aanhef skryf: ***Beste Sheldon*** en dan in hul inleidingsparagraaf met ***Hallo vriend*** / **Hi viendin** begin. So ook die gebruik van Liewe en Beste by die slot van die brief. Kandidate weet nie dat daar 'n punt na "Groete/ Liefdegroete moet kom nie. Daar word ook nie 'n reël tussen *Jou maat/vriend/vriendin en die naam* oopgelaat nie. 'n Fout eie aan hierdie eksamen is die verkeerde spelling van Desember in sy Engelse vorm. Heelwat kandidate plaas ook 'n dubbelpunt na die aanhef – **Beste:** en **Liewe:** Leerders skryf Lewe/ Dear Nora, i.p.v. Liewe Nora. Leerders gebruik ook die woord 'post' i.p.v. oplaai/plaas. Leerders sukkel ook nog met woordorde. Daar is selfs leerders wat verward geraak het met die formaat van die formele/informele brief en hulle het 'n tweede adres gegee. Kandidate teken ook hulle handtekening onderaan die brief. Die uwe word ook aan die einde van n vriendskaplike brief gegee.

Kandidate se kennis van die **e-pos** is baie vaag en dit veroorsaak dat baie dit nie gekies het nie. Algemene fout wat begaan is in die e-pos, is dat kandidate nie die adres reg kon skryf nie. Hulle verwar vrae met vra, bv. *Ek wil jou iets vrae*. Baie kandidate noem nie die kursus wat hulle gaan studeer nie. Kandidate vertel hoe goed en voorbeeldig hulle op skool was – asof hulle aansoek doen en nie bloot navraag doen nie. Baie kandidate skryf nie in paragraafvorm nie. Die enkeles wat gepoog het om die vraag te beantwoord, het nie top punte behaal nie.

Amper geen kandidaat het gepoog om die **Notule** te doen nie. Die algemene foute hier: leerders skryf NIE in die teenwoordige tyd nie – hulle skryf in die verlede tyd. Leerders noem ook nie wie vir watter take verantwoordelik is en wat hulle moet doen nie. Die kandidate het dus nie goeie punte hier verdien nie.

Die Informele **Toespraak** was nogal gewild naas die brief. Leerders skryf meer oor wat TikTok is en hoe jy dit kan gebruik en NIE hoe jy ander daardeur kan beïnvloed nie.

Sommige praat meer oor hulle suksesse as om te motiveer en te beïnvloed. Hulle ken nie terme soos: "*post, followers, influencers, viral, trend, viewers, likes*", ens. in Afrikaans nie. Ook word TikTok se verskillende vorme nie geken nie: - meervoud: Tiktokke/Tiktoks; persoonsnaam:

| |
|---|
| Tiktokker. Formaatfoute soos: groet, bedank, seënwense, ens ontbreek. Leerders gebruik die verkeerde toon en styl, Engelse woorde en sosiale media taal. |

| |
|---|
| **Vraag 3**<br><br>Die kandidate wat die **advertensie** beantwoord het, het dit baie swak beantwoord. Baie min het daarin geslaag om by die fokusarea uit te kom bv. wat die produk is wat geadverteer word, wie die teikengroep is, kontakbesonderhede, ens. Te veel Engelse woorde word gebruik wat die skryfstuk negatief beïnvloed. Kandidate steur hulle nie aan die **ABBA** –beginsel in die beantwoording van die advertensie nie. Kandidate gebruik nie leestekens funksioneel nie en baie min het die fonttipe gevarieer. Details soos: die tyd, plek en prys kom nie altyd voor nie. Kandidate het eerder die sekondere inligting, d.w.s. die rede vir die fondsinsameling, belangriker as die produk wat hulle wil verkoop, geag. Heelwat kandidate het ook glimpenne en koki's by die advertensie gebruik, wat dan as 'n ongeruimdheid beskou word. |
| Die **WhatsApp boodskap** is 'n gewilde vraag alhoewel die leerders dit nie kon baasraak nie. Daar was 'n verskeidenheid interpretasies by die formaat van die **kort teksboodskap**, sommige kandidate het dit in die vorm van 'n dialoog geskyf. Kandidate groet nie, dui nie tyd aan nie (alhoewel dit opsioneel is). Daar was ook kandidate wat verward was oor wie die spreker moet wees – kandidate tree op asof hulle die redakteur of pryswenners is. Ander kandidate het oor hoe die boek was (resensie) of hoe lekker die leeskompetisie was, geskryf. |
| Baie kandidate het die **rigtingaanwysings** gekies, maar die beginpunt en eindpunt word weggelaat. Straatname begin nie met hoofletters nie. Spelling van die volgende woorde kom algemeen voor: *lings* i.p.v. *links*; *reg* i.p.v *regs*. Kandidate noem nie bakens nie. Leerders maak baie gebruik van herhalende sinne- elke sin word met dieselfde werkwoord begin: Ry …. Ry …. Ry … . Die werkwoordgebruik: *gaan links* i.p.v *draai links*. Leerders ken nie die verskil tussen 'n stelsin en bevelsin nie – die sinne word ook nie afgewissel nie. Deurgaans ken hulle nie die konsep van 'n samestelling nie – een woord, een begrip, bv stop straat, i.p.v stopstraat. Kandidate gebruik nie die verkeersirkel korrek nie – jy kan slegs links draai, kandidate draai regs. |
| **(b) Provide suggestions for improvement in relation to Teaching and Learning** |

**AFDELING A**

Spesiale aandag moet gegee word aan hoe om die leerder voor te berei vir hierdie vraestel aangesien dit 'n groot gedeelte van hul finale punt weeg. Onderwysers moet leerders onderrig en oorreed om uitstekend in vraestel 3 te vaar aangesien dit hulle kans is om die vak te slaag. Onderwysers moet by leerders indril die effektiewe beplanning van elke skryfstuk en dat elke paragraaf uit 'n hoofgedagte bestaan wat gevolg word met ondersteunende gedagtes. Verskillende soorte OPSTELLE kan geskryf word. Kandidate word dus nie verplig by alle onderwerpe om 'n onderwerp letterlik of eensydiglik te interpreteer nie, maar kan enige tipe skryfstuk produseer. Die onderwerpe kan verhalend, beskrywend, bespiegelend, beredenerend of argumenterend wees en die titel moet deurgaans in gedagte gehou word en kandidate moet poog om by die fokus te hou.

**AFDELING B**

Kandidate moet by transaksionele tekste geleer word om die kernopdrag by elke vraag te onderstreep en slegs daarop te fokus.

Leer ook die kandidate grammatika soos die komma voor of na iemand aangespreek word.

Die vertrekpunt is dat die onderrig van skryfstukke word afgeskeep omdat die onderrig van letterkunde voorrang geniet. Die letterkunde kan geruik word om skryfstukke mee in te oefen. Leerkragte moet in hul beplanning ruimte vir die onderrig van skryfstukke maak. Dit hoef nie volledig geskrewe stukke te wees nie.

Stel DAS-take oor transaksionele tekste op sodat leerders ten minste kan voorberei.

Ook belangrik is die bevordering van woordeskat. Van graad 8 af moet weeklikse geïntergreerde woordeskatoefeninge behandel word. Onderwysers hoef nie die handboek slaafs te volg en te voltooi nie. Wees kreatief en konsolideer woordeskat – op 'n speelse wyse – in die laer grade. Dit sal die taak in graad 12 vergemaklik.

**AFDELING C**

By Afdeling C moet kandidate genoegsame kennis inwin oor die skryfstukke om sodoende maklik punte te verwerf. Daar word dus voorgestel dat dit vasgelê moet word in die klaskammer. Visuele voorbeelde moet na die klaskamer gebring word sodat leerders die beste daaruit kan leer. Gereelde oefening is ook nodig.

Die kort teksboodskap moet ingeoefen word. Dis 'n nuwe skryfstuk wat saam met die hedendaagse tegnologie beweeg! Die leerders moet die fynere kunsies aangeleer word, byvoorbeeld hoe om persoonlike gevoelens te omskryf. Belangrik is ook dat leerders die formaat ken.

Daar moet genoegsame oefening oor instruksies in die klaskamer gedoen word.

Lê veral klem op woordeskat, grammatika en spelling, bou van sinne, sinsoorte,

voornaamwoorde, lydende vorme, ens.

Die volgende **FOUTE** moet na **gekyk** word.

- Leerders weet nie om 'n komma tussen twee werkwoorde, voor die voegwoorde ***maar, want,*** al, dan en toe (groep 2 voegwoorde) te plaas nie.
- Die kappie bo s**ê,** word weggelaat of op die verkeerde plek by wêreld geplaas**.**
- Verskil tusen gekoop en verkoop
- Betekenis van gelukkig en ongelukkig
- Moeilikheid word as mooilikheid/ moelikheid geskryf
- Die gebruik van die woord **van** i.p.v. **want**.
- Jaar i.p.v. jare
- oorbruggingsjaar i.p.v gapjaar
- kla i.p.v klaar
- Help i.p.v. hulp
- Leerders moet ook geleer word dat jy nie 'n sin met die (groep 1) voegwoorde begin nie.
- Die invloed van Engels – die woord **som** i.p.v. **sommige**.
- Die woord **vergeet** word as **vergeert** gespel**.**
- Die leerders ken nie die verskil tussen **dis en dus** nie.
- Werkwoorde moet so na as moontlik aan die einde van die sin geplaas word.
- dat i.p.v. wat
- Betreklike en persoonlike voornaamwoorde
- Die verskil tussen ander en anders
- Die korrekte gebruik van respek en respekteer
- Leer die woord sonder, i.p.v met nie (without)
- Korrekte gebruik van die vergrotende of oortreffende trap, bv. meer belangrik (er)
- Korrekte gebruik van hulle/julle/hele
- Dinge i.p.v. goete

Gereelde blootstelling en oefening in die skryf van verskillende stelstukke soos voorgeskryf deur die KABV sal kandidate deeglik voorberei vir hierdie vraestel. Kandidate moet deurgaans op hul foute gewys word sodat dieselfde foute nie weer begaan word nie.

| (d) | Describe any other specific observations relating to responses of learners and comments that are useful to teachers, subject advisors, teacher development etc. |
|---|---|

- Kandidate moet duidelik aantoon wat beplanning en finale stuk is en 'n netjiese streep deur die beplanning trek.
- Kandidate moet ook hul antwoordboek soos 'n amptelike dokument hanteer en verseker dat hulle netjiese en leesbare werk inlewer.
- Die kwessie van voorafvoorbereide stelstukke deur sekere kandidate is ook problematies tydens die merkproses en merkers moet die oordeel fel of 'n skryfstuk misgetas is al dan nie omdat kandidate basies hul skryfstuk inforseer in 'n bepaalde onderwerp. Kandidate wat in staat is om te beplan en te redigeer, vaar beter as diegene wat konsentreer op mooiskrywery.
- 'n Groot probleem is kandidate wat hul respons in hoofletters aanbied asook lettergreepverdeling aan die einde van 'n reël wat verkeerdelik toegepas word.
- Die gebruik van sleng-en Whatsapptaal kom al hoe meer na vore in kandidate se skryfstukke.
- Indien daar 'n spesifieke onderwerp gegee word, mag kandidate dit nie verander nie. Die enigste tyd wanneer die kandidate 'n geleentheid kry om 'n onderwerp te verskaf, is by die visuele prikkel.
- Gereelde aanbieding van werkswinkels met vraestel 3 as fokus om probleemareas soos vervat in die hoofnasiener se verslag aan te spreek, behoort wondere te verrig om kandidate en onderwysers beter vir hierdie vraestel voor te berei.